
SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za

basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## LANDBOUBESTUURSPRAKTYKE

## 2023

**PUNTE: 200**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.**



SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.

2. Beantwoord AL die vrae in die ANTWOORDEBOEK.

3. Lees die vrae deeglik en beantwoord SLEGS wat gevra word.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

6. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

7. Skryf netjies en leesbaar.

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING A

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.11 D.

1.1.1 'n Voorbeeld van direkte produksiekapitaal:

A Voertuie
B Implemente
C Boorde in produksie
D Vaste verbeteringe

1.1.2 'n Tipiese voorbeeld van plaaswerk wat met seisoenale arbeid geassosieer word, is …

A die voer van diere twee keer per dag.
B daaglikse instandhoudingswerk.
C die oes van 'n jaarlikse vrugtegewas.
D die bou van 'n nuwe beeshanteringsfasiliteit.

1.1.3 Die grondkleur wat 'n aanduiding van 'n hoë humusinhoud is:

A Swart
B Rooi
C Geel
D Grys

1.1.4 Die verklaring wat as 'n riglyn dien om 'n boerderyonderneming die toekoms in te lei:

A Bemarkingsverklaring
B Finansiële verklaring
C Promosieverklaring
D Visieverklaring

1.1.5 Die bemarkingstelsel waar handel op verskeie aanlyn platforms kan plaasvind:

A Internetbemarking
B Kontrakbemarking
C Plaashekbemarking
D Bestuursbemarking


SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.1.6 'n Werker het vergeet om die toerusting in te gee en het dit eers die volgende dag teruggebring. 'n Toepaslike dissiplinêre optrede vir hierdie situasie sal …

A 'n verbale waarskuwing wees.
B wees om bevordering te weerhou.
C wees om 'n gedeelte van die salaris te weerhou.
D afdanking wees.

1.1.7 'n Skriftelike plan vir toekomstige optrede, in finansiële hoeveelhede uitgedruk, staan as 'n … bekend.

A proefbalans
B Balansstaat
C begroting
D sakeplan (besigheidsplan)

1.1.8 Gedurende die oesproses is dit vir 'n boer belangrik om te weet wat die verwagte opbrengs is. Hierdie kennis sal die boer in staat stel om …

A die prys van die produk vir die volgende seisoen akkuraat te voorspel.
B die produktiwiteit van die arbeid te bereken.
C 'n meganisasiestrategie te beplan.
D die moontlike inkomste met begrotingsbeheerdoelwitte te versoen.

1.1.9 Die inligting wat apart op die verpakking van 'n landbouproduk gedruk word en nie noodwendig op die etiket nie:

A Bestanddele
B Voedingswaarde
C Vervaldatum
D Produsent se naam

1.1.10 Die voorkeurdokument om te gebruik om die winsgewendheid van 'n vertakking aan te dui, is die …

A Balansstaat.
B Inkomstestaat.
C inventaris.
D Bankstaat. (10 x 2) (20)

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.2.11 M. Gebruik elke beskrywing in KOLOM B slegs EEN keer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Indikatorplant | A | weiding wat soetveld- en suurveld-grasspesies bevat |
| 1.2.2 | Sakeplanaannames | B | die plantspesie wat die suksessie-status van die veld bepaal |
| 1.2.3 | Geleenthede | C | die weidingsarea wat voldoende weiding verskaf om 'n spesifieke aantal diere te onderhou |
| 1.2.4 | Oes | D | diagram van die besigheid wat die posisies en die verhoudings tussen die werkers toon |
| 1.2.5 | Wet op Landbou-produkstandaarde, 1990 (Wet 119 van 1990) | E | verbeter die verhouding tussen roofdier en prooi om die gebruik van chemikalieë te voorkom en die omgewing te beskerm |
| 1.2.6 | Drakrag | F | eksterne omstandighede of gebeure wat moet plaasvind vir 'n besigheid om suksesvol te wees |
| 1.2.7 | Sterilisasie | G | eksterne faktore wat tot die bereiking van landbou-ondernemingsdoelwitte sal bydra |
| 1.2.8 | Hidroverkoeling | H | produkte word óf direk in koue water gedompel óf met 'n fyn mis bespuit |
| 1.2.9 | Gemengde veld | I | bemarkingsfunksies wat deur swak padtoestande benadeel kan word |
| 1.2.10 | Ekologiese landbou | J | verhitting van die produk gedurende prosessering om al die patogeniese mikro-organismes te verwyder |
| | | K | die proses waar die boer oes wat gesaai is |
| | | L | wetgewing wat die samestelling en kwaliteit van landbouprodukte beheer |

(10 x 2) (20)


SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.3 Gee die KORREKTE landbouterm vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.3.6 Rekordhouding.

1.3.1 Die verwydering van bogrond deur afloopwater of sterk winde

1.3.2 'n Aanduiding van die suurheid of alkaliniteit van die grond

1.3.3 Die bemarkingskanaal waar vee en wild gewoonlik aan die hoogste bieër verkoop word

1.3.4 Die proses om 'n landbouproduk in 'n houer, geskik vir daardie spesifieke produk, te plaas voordat die produk bemark word

1.3.5 Die versamelwoord vir al die verskillende dokumente wat nodig is om 'n Inkomstestaat te voltooi (5 x 1) (5)

1.4 Verander die ONDERSTREEPTE WOORD(E) om die volgende stellings KORREK te maak. Skryf die antwoord langs die vraagnommers (1.4.1 tot 1.4.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.4.6 Vaste kapitaal.

1.4.1 Plantsuksessie van veld verwys na die progressiewe ontwikkeling van pionier na <u>suur</u>.

1.4.2 Windspoed word met 'n <u>nat-en-droë-bol-termometer</u> in km/h gemeet.

1.4.3 Die <u>tersiêre</u> landbousektor sluit waardetoevoeging en prosessering in.

1.4.4 Die middels waaruit die inhoud van 'n geprosesseerde produk bestaan, word deur die <u>voedingswaarde</u> op die etiket aangedui.

1.4.5 <u>Beroking</u> is die proses wat gebruik word om vrugte te preserveer deur dit in stroop te plaas. (5 x 1) (5)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**AFDELING B**

**VRAAG 2: FISIESE PLAASBEPLANNING**

**Begin hierdie vraag op 'n NUWE bladsy.**

2.1 Landbougrond is 'n waardevolle bate vir die boer.

2.1.1 Verduidelik wat dit beteken indien die waarde van landbougrond toeneem. (2)

2.1.2 Verduidelik wat dit beteken indien die waarde van landbougrond afneem. (2)

2.2 Die werkers op 'n plaas word as 'n baie belangrike hulpbron beskou, maar afwesigheid van werkers as gevolg van siekte lei direk tot 'n daling in produktiwiteit.


2.2.1 Verduidelik wat dit beteken as werkers produktief is. (2)

2.2.2 Beskryf moontlike redes waarom afwesigheid tot 'n daling in produktiwiteit lei. (2)

2.2.3 Bespreek maniere waarop die boer werkers kan help om gesond te bly. (3)

2.3 Beskryf die beginsels wat in ag geneem moet word om 'n weidingskamp vir diereproduksie geskik te maak. (3)

2.4 'n Ploeglaag (ploegsool) ontwikkel as grond jaar na jaar tot dieselfde diepte bewerk word.




2.4.1 Noem DRIE nadele van 'n ploeglaag (ploegsool). (3)

2.4.2 Beskryf hoe die boer die probleem in VRAAG 2.4.1 kan oplos. (2)

2.5 Beskryf DRIE voordele van geenbewerking en permanente grondbedekking. (3)

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.6 Onderskei tussen die verskillende boerderymetodes.

Teken die tabel hieronder in die ANTWOORDEBOEK oor en voltooi dit.

| | INTENSIEWE BOERDERY | EKSTENSIEWE BOERDERY |
|---|---|---|
| INSET: Arbeid: sonder meganisasie | | |
| INSET: Grond: area/hoeveelheid per dier | | |
| UITSET: hoeveelheid per eenheidsarea | | |

(6)

2.7 Verduidelik ELK van die volgende konsepte en die doel daarvan in presisiegewasboerdery:

2.7.1 GPS (2)

2.7.2 GIS (2)


2.7.3 VTT ('VRT') (2)

2.8 Gebruik van landbou-implemente:


2.8.1 Onderskei tussen *primêre* en *sekondêre bewerkingsimplemente*. (2)

2.8.2 Bestudeer die implemente hieronder en klassifiseer dit as óf primêre óf sekondêre implemente.


**IMPLEMENT A**



**IMPLEMENT B**



**IMPLEMENT C**



(3)

2.8.3 Noem DRIE nadele van die gebruik van implemente. (3)



SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.9 Noem VIER aspekte wat in ag geneem moet word by die aankoop van plaasimplemente en plaastoerusting. (4)

2.10 Verduidelik hoe die begin van 'n agritoerismevertakking op 'n plaas risiko's verbonde aan kommersiële boerdery kan verlaag. (4)

**[50]**



SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 3: BESIGHEIDSBEPLANNING, ENTREPRENEURSKAP, BEMARKING. PRYSBEPALING EN DIE BESTUURSPROSES**

**Begin hierdie vraag op 'n NUWE bladsy.**

3.1 Bemarking is belangrik by die verkoop van produkte en die lewering van dienste.

3.1.1 Noem DRIE probleme wat 'n boer kan ervaar by die verkoop van lewende hawe by 'n veiling. (3)

3.1.2 Beskryf die *vryemarkstelsel*. (2)

3.1.3 Noem TWEE voordele van varsproduktemarkte. (2)

3.2 Bespreek kortliks die volgende TWEE aspekte van plaasbeplanning:

3.2.1 Finansiële beplanning (2)

3.2.2 Bemarkingsbeplanning (2)

3.3 Noem TWEE elemente van organisering as 'n bestuursbeginsel. (2)

3.4 Dui die aspekte van besluitneming aan wat 'n invloed op die funksionering van 'n plaas het. (3)

3.5 Noem DRIE voordele van koördinering. (3)

3.6 Gee DRIE redes waarom 'n indiensnemingskontrak aan plaaswerkers gegee word. (3)

3.7 Die doel van die ontwikkeling van 'n volhoubare sakeplan (besigheidsplan) is om na beter geleenthede te streef.

Noem en verduidelik TWEE pilare wat 'n plaas volhoubaar maak. (4)


SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



3.8

| |
|---|
| 'n Groep besigheidsmense het saamgekom en besluit om grond te koop en 'n boerderyonderneming te begin. Hulle het nie die vaardighede of kennis gehad om te boer nie, maar hulle het kapitaal om in hierdie waagstuk te belê. 'n Plaas van 500 ha is tans in die mark. Die plaas het 'n rivier wat deur redelike goeie veld vloei. Hulle beplan om met perde te teel en die rivier vir visvang te gebruik. Die grond is sanderig en nie baie vrugbaar nie. |

Gebruik die SSGB('SWOT')-ontleding om die volgende aspekte in die scenario te identifiseer:

3.8.1 DRIE sterk punte (3)

3.8.2 EEN swak punt (1)

3.8.3 EEN geleentheid (1)

3.8.4 TWEE bedreigings (2)

3.8.5 Stel 'n optrede voor om die swak punt wat in VRAAG 3.8.2 geïdentifiseer is, te hanteer. (1)

3.9 'n Boer se produksievertakking het veranderlike koste van R50 000 en produseer 20 000 produkte-eenhede.

3.9.1 Bereken die koste van ELKE produk. (2)

3.9.2 Onderskei tussen *veranderlike koste* en *vaste koste*. (4)

3.10 Prys word meestal deur vraag- en aanbodfaktore bepaal. Verduidelik kortliks die volgende:

3.10.1 Die konsep van vraag en prys (2)


3.10.2 Die konsep van aanbod en prys (2)


SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



3.11 Die illustrasie hieronder toon verskillende aspekte van die raamwerk van 'n sakeplan (besigheidsplan). Lees deur die gedagteborrels en identifiseer die aspek van die sakeplan (besigheidsplan) wat beskryf word. Skryf die antwoorde langs die vraagnommers (3.11.1 tot 3.11.6).




(6)
**[50]**

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 4: FINANSIËLE BEPLANNING, REKORDHOUDING, OES, WAARDE-TOEVOEGING EN VERPAKKING**

**Begin hierdie vraag op 'n NUWE bladsy.**

4.1 Begrotings speel 'n belangrike rol in die suksesvolle bestuur van 'n plaas, want dit vorm deel van die finansiële beplanning van enige boerderyonderneming.

4.1.1 Kies DRIE voorbeelde wat in 'n produksiebegroting voorkom uit die lys hieronder:

- Voerbegroting
- Kredietbegroting
- Huishoudelike begroting
- Instandhoudingsbegroting
- Arbeidsbegroting
- Opleidingsbegroting (3)

4.1.2 Beskryf VIER doelwitte van 'n begroting vir 'n boerderyonderneming. (4)

4.1.3 'n Element van 'n begroting wat al die onbekendes van die produksieproses verteenwoordig, staan as parameters (voorspellings) bekend.

Gee TWEE voorbeelde van parameters wat in begrotings gebruik word. (2)

4.2 Die wins of verlies van 'n boerderyonderneming word die bruto marge genoem. As die boer die bruto marge ken, help dit die boer om besluite oor die winsgewendheid van die boerderyonderneming te neem.

'n Boer met twee produksievertakkings het die volgende inligting in aparte finansiële rekords beskikbaar:

| **PRODUKSIEVERTAKKING A (10 ha)** | | **PRODUKSIEVERTAKKING B (15 ha)** | |
|---|---|---|---|
| **Veranderlike koste** | | **Veranderlike koste** | |
| Saad: | R8 034,66 | Dierevoere: | R22 304,00 |
| Kunsmis: | R19 151,13 | Medisyne: | R6 228,27 |
| Chemikalieë: | R4 916,45 | | |
| Inkomstewaardes = R39 011,00 | | Inkomstewaardes = R37 361,00 | |

4.2.1 Bereken die bruto marges van die twee produksievertakkings hierbo. (4)

4.2.2 Bereken die netto inkomste van hierdie plaas. (2)

4.2.3 Lei af watter produksievertakking die winsgewendste per hektaar (ha) is. Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)


SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



4.3 Vir die verkoop van produkte ontvang 'n boer R38 600 op 15 Maart 2022, R69 450 op 10 April 2022 en R61 500 vir die laaste voorraad op 20 Mei 2022. Die produksiekoste gedurende hierdie periode was R87 000 en nog R2 500 is aan bemarking spandeer.

Berei 'n volledige Inkomstestaat vir hierdie boer voor. (6)


4.4 Verduidelik, in die korrekte volgorde, DRIE stappe wat gevolg moet word wanneer 'n inventaris ontwikkel word. (3)

4.5 Wanneer 'n besigheidstransaksie plaasvind, word 'n brondokument voorberei. Dit lê die data (inligting) van die transaksie vas.

4.5.1 Beskryf TWEE gevalle wanneer 'n boerderyonderneming 'n kwitansie aan 'n kliënt sal uitreik. (2)

4.5.2 Noem die data wat op brondokumente moet voorkom om die rekenkundige joernale te voltooi. (4)

4.6 Die diagram hieronder toon 'n graanstoringstruktuur wat deur kleinskaalse graanboere gebruik word.




4.6.1 Gee die naam van 'n soortgelyke struktuur wat deur kommersiële boere gebruik word. (1)

4.6.2 Stel 'n rede voor vir die gebruik van die omgekeerde kegels op die pale waarop die storingseenheid rus. (1)

4.6.3 Die struktuur hierbo beskerm die graan teen sekere klimaatsaspekte. Maak 'n lys van VIER van hierdie aspekte. (4)

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



4.7 Noem VIER fisiese of sigbare kenmerke wat gedurende die gradering van geoeste plaasprodukte gebruik word. (4)

4.8 Prosessering behels die verandering van 'n rou produk na 'n vorm wat vir die verbruiker makliker is om te gebruik. Dit dood of elimineer mikro-organismes en inhibeer hulle groei.

4.8.1 Noem DRIE voedselpreserveringsmetodes wat 'n boer kan gebruik om mikro-organismes te dood of uit te skakel. (3)

4.8.2 Verduidelik hoe waardetoevoeging tot rou landbouprodukte tot die finansiële volhoubaarheid van 'n boerderyonderneming bydra. (2)

4.9 Bespreek die regsvereistes met betrekking tot verpligte inligting op die etiket van verpakte landbouprodukte met betrekking tot voedingswaarde. (3)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 150**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou
SA EXAM PAPERS